# Die Slag van Bakenlaagte

deur

DR. J. I. RADEMEYER

EEN van die belangrike wapenfeite van die Tweede Vryheidsoorlog is seer seker die heroïese slag van Bakenlaagte, 30 Oktober 1901. Mnr. N. J. Grobler,(1) wat ooggetuie van die heuglike gebeure was, skryf soos volg: „As 'n mens van Kriel na Leslie ry, sien jy op die plaas Bakenlaagte 'n klompie bloekombome staan. Hier is grafte, baie grafte, Engelse grafte."

Die omstandighede wat Bakenlaagte vooraf gegaan het, kom op die volgende neer: Begin September 1901 het genl. Louis Botha ongeveer 'n duisend man bymekaar gemaak om hom van Dundee, Natal, meester te maak en dan suidwaarts deur te dring — van Boerekant 'n soort van kontra-demonstrasie teen die Verbannings-proklamasie wat op 15 September in werking sou tree.(2) Botha het in hierdie „hopelose onderneming" gefaal en op 8 Oktober het hy te Piet Retief gearriveer, vanwaar hy o.a. aan kmdt. H. S. Grobler van Bethal 'n skrywe gerig het om van lg. te verneem wat hulle nou te doen staan. Tydens Botha se afwesigheid in Natal het kol. G. E. Benson die geleentheid benut om die oorblywende Boere op die Transvaalse hoëveld aan te val. Hy was juis besig om die wêreld in die Bethalse distrik skoon te vee, toe Botha sy verskyning maak.

Die Boere kon nou nie meer apaties staan nie en kommandant Grobler, reagerende op Botha se skrywe, het persoonlik 'n besoek by die generaal gaan aflê en aan hom gesuggereer dat 'n aanslag op kol. Benson se magte gemaak moes word. Benson se naam was anatema in elke uithoek van die hoëveld, want het die burgers van Ermelo en Carolina met hulle aankoms uit Natal dan nie bevind dat Ermelo „a heap of ruins" was nie, en die skuld vir hierdie toedrag van sake op Benson geplaas nie? (3)

Botha, asook die Regering-te-velde, het vanaf 19 tot 24 Oktober op die plase Schimmelhoek en Mooiplaats onderskeidelik, ongeveer 20 myl oos van Ermelo, vertoef. Hier is Botha aangeval, maar hy is op sy hoede gestel en het daarin geslaag om te ontsnap, alhoewel sy hoed en briewetas in die slag gebly het! (4)

Bakenlaagte sou een van die glanspunte van die Boere se sg. lenteveldtog van 1901 vorm. 'n Sametrekking van burgers uit die distrikte Standerton,

(1) My informant, mnr. N. J. Grobler van Vlakfontein, Bethal, deel 'n aantal interessante besonderhede betreffende hierdie slag mee. Hy is die seun van kommandant H. S. Grobler, wat as een van die hooffigure en helde in die slag van Bakenlaagte gereken kan word.

(2) Engelenburg, dr. F. V.: Generaal Louis Botha, p. 61.

(3) Amery, L. S.: The Times History of the War in South Africa, 1899 — 1902, Vol. V, p. 362.

(4) Ibid., p. 363.

Ermelo, Middelburg, Pretoria en die hele distrik Bethal is gelas en eindelik kon ongeveer 'n 700 man in die veld gestoot word.[5]

Op die vroeë oggend van 30 Oktober, te midde van deurweekte paaie en dreigende reën het Benson probeer deurdruk na die spoorweg te Brugspruit. Toe hierdie berig die Boere bereik, word ook verneem dat Benson in die rigting van Bakenlaagte beweeg. Boere-eenhede het die Engelse voortdurend aangetas. Om die saak vir die bewegende Engelse magte te vererger, het reën intussen in koue mistige vlae begin uitsak. Teen die middag, toe swaar reëns begin val, het twee van die Engelse se waens vasgeval en moes die voorste magte begin terugval. 'n Gedeelte het hulle teruggetrek na 'n hoogte, Gun Hill (Kanonkop). Hier het Benson twee kanonne tot sy beskikking gehad.

Die Boere het nou gebruik gemaak van die mistige nat weer om 'n beslissende slag te lewer. Genl. Coen Brits van Standerton het sy mag in 'n myl lange linie ontplooi en op 'n harde galop 'n aanval uit die saal op die kanonne geloods. „Coen Brits was die man wat die linie aangevoer het. Hy ry saam in gelid en swaai sy helmet keer op keer om sy burgers vorentoe te beveel".[6] Kmdt. H. S. Grobler verklaar: „Ons het nou die regtervleuel van die Boere gevorm . . . Dit was ver om te jaag, en die grond was deur-nat. Die Engelse het een kanon op my mense gerig, maar niemand word geraak nie." Kmdt. Grobler verklaar voorts dat hulle eers uit 'n vlak pannetjie begin skiet het, en verder: „Ons jaag deur 'n laagte, teen die bult laat ons die perde staan en storm die kanonne te voet. Reeds toe ons uit die pan kom het die kanonne op ons begin skiet met allermag, eers met bom en toe met skroot".[7] Nadat 'n paar Engelse eenhede uitgewis is, het die aanvallers, gelei deur Grobler, Erasmus en Brits in 'n lang linie voortbeweeg en eindelik die hoogte bereik waar die geveg sy klimaks bereik het. 'n Poging is deur die Engelse aangewend om die twee kanonne te verwyder, maar die perde wat vir die doel gehaal is, is onverwyld doodgeskiet.

Kol. Benson self het 'n wond in die knie opgedoen en het nou heen en weer in die vuurlinie gekruip en sy manskappe bemoedig. Dat die verdedigers dapper geveg het ly geen twyfel nie, en die naam van Benson verdien beslis vermelding. Die Boere het egter onverbiddelik geskiet en raak geskiet. Die Engelse se ammunisie-voorraad het intussen uitgeput begin raak en geen versterkings het by die hoogte opgedaag nie. Benson is weer in die arm verwond, en toe hy 'n boodskapper ontbied, is dié onmiddellik in die been geskiet, terwyl dieselfde koeël vir Benson getref het, sodat hy die volgende oggend beswyk het.

Die finale aanslag is met doodsveragting deurgevoer en die Boere was in besit van die hoogte. „So ended a fight unique in the annals of the war".[8] Die verdedigers van die hoogte is feitlik geheel uitgewis. Genl. Coen Brits rapporteer soos volg: „Die geveg hou van die middag tot die aand aan. Ons het twee Armstrong kanonne, 137 bomme, twee gelaaide waens en 203 prisoniers

(5) Ibid., p. 365.
(6) Die Hoëvelder, 9 Nov. 1951.
(7) Verklaring mnr. N. J. Grobler aan skrywer.
(8) The Times History, p. 374.

geneem . . . Altwee die bevelvoerende offisiere Benson en Guines en 18 ander offisiere het gesneuwel . . . Ons kon die kamp ('n nabyliggende Engelse kamp) nie storm nie, aangesien dit 25 boerefamilies en 44 van ons burgers as prisoniers bevat het. Die vyand het baie dapper geveg . . . Ons verlies was 14 gedood en 48 gewond".[9]

Mnr. N. J. Grobler se verklaring lui voorts: „In die laagte tussen waar ons die eerste maal begin skiet het en die kanonne, het 'n muilwa belaai veral met kos bly staan. Deur 'n bom getref, is ek vir 'n halfuur buite geveg gestel en 100 tree agter die gevegslinie agter 'n miershoop gelaat om 'n bietjie te herstel. Toe ek reg word sien ek oor die bult 'n man op 'n bruin perd aankom, sonder baadjie. Toe hy by die wa kom sien jy net slaan, en dit met 'n sambok. Die man was genl. Botha wat die buiters met die sambok woel. Een van hulle het kort daarop gaan ‚hensop' en 'n ‚Scout' geword!

„Ons is vir die nag na die woonhuis van oom Piet van den Berg waar baie van ons gewondes was. Toe daar 'n vreeslike donderweer losbars, het ek ook ingegaan vir skuiling. Maar toe ek die gekerm van my medeburgers aanhoor, het ek omgedraai en buite voor my perd gaan sit totdat dit lig geword het . . .

„Wat die kanonne aanbetref, het die Engelse probeer om hulle vanaf die kamp stukkend te skiet. Net een wiel is geraak. Waar dat veldkornet Piet Erasmus die trekdiere vandaan gehaal het, weet ek nie, maar aan hom is opdrag gegee om hulle te verwyder. Een is op die plaas Ystervarkfontein in 'n kuil water gegooi. Maar veldk. Erasmus se agterryer, 'n Boesman, wat dit gesien het, het weggeloop na die Engelse toe, en 'n week later het hulle dit kom uithaal en weggeneem. Die ander een is met sukses gebruik toe die Engelse 'n laer wou oorrompel. Hulle is met hulle eie kanon teruggeskiet. Toe die ammunisie gedaan was, is hy met dinamiet opgeblaas naby Ysterklip, Bethal.

„Ek weet van geen ander geleentheid waar meer doodsveragting aan die dag gelê is nie as op Bakenlaagte. Om maar een voorval te noem: Toe ons by die kanonne kom, spring 'n Bethaler, Koos Naude, bo-op een van die kanonne, en skree ‚Dit is my kanon'. Omdat hy geweet het hoe om 'n kanon te laai, skiet hy twee skote. Die een bom trek seker nou nog. Die ander een was tussen die Engelse".[10]

Bakenlaagte het belangrike gevolge gehad. Na hierdie nederlaag rapporteer lord Kitchener soos volg: „If a column like Benson's, operating 20 miles outside our lines, is not fairly safe, it is a very serious matter and will require a large addition to our forces to carry on the war".[11] Dit was 'n kompliment aan Botha, Grobler e.a. vir hulle standvastigheid en dapperheid. In hierdie late fase van guerilla-oorlog moes nou naarstiglik voorsiening gemaak word vir versterkings van oorsee. G'n wonder ook dat Botha hierdie veldslag bestempel het as „Klein Majuba" nie.[12]

(9) Aangehaal by Die Hoëvelder, 9 Nov. 1951.
(10) Verklaring mnr. N. J. Grobler aan skrywer.
(11) Aangehaal by Engelenburg, op. cit. p. 62.
(12) Volgens *The Times History* het die slag eintlik plaasgevind op die aangrensende plaas Nooitgedacht. (Vgl. p. 367 en skets teenoor p. 374.)